**22 Maart**

**Skrifgedeelte: Handelinge 11:1-21**
**Fokusgedeelte: Handelinge 11:18, 21**

## God gee die bekering

Petrus word deur die Joodse gelowiges van Jerusalem voor stok gekry toe hulle hoor dat hy by nie-Jode in die huis was en nogal saam met hulle geëet het. Vir hulle moet die Joodse gewoontes nog geld as jy 'n Christen wil wees.

Petrus se verweer is: "Wie was ek dan om God te probeer verhinder?" Dit is God wat aan hom die gesig uit die hemel getoon het van die laken met allerhande diere en visse en voëls en reptiele. Dit is God se stem uit die hemel wat hom aansê om te slag en eet. Iets waarvoor hy nie kans sien nie. Hy wil nie onrein word nie. Dit is God wat antwoord dat wat Hý rein gemaak het, geen mens onrein mag ag nie. Die laken is ná die derde maal weer in die hemel opgetrek.

Dit is God wat 'n engel na Kornelius gestuur het om Petrus te laat kom met 'n goeie boodskap van redding vir hom en sy huis. Dit is God wat Petrus se gewete rus gegee het om te gaan.

Hy was nog besig met die verkondiging van die evangelie, toe laat die Here die Heilige Gees op almal kom. Jesus het immers gesê: "Julle sal met die Heilige Gees gedoop word." Dit is presies wat Hy met hierdie heidene gedoen het, net soos in die uitstorting van die Heilige Gees met Pinkster.

"Wie was ek dan om God te verhinder?" Almal was tevrede en het God verheerlik. "Hy het selfs mense wat nie Jode is nie, tot inkeer gebring." Dit is God wat die bekering skenk! Dieselfde gebeur as die mense van Siprus en Sirene onder die hand van die Here die evangelie aan die Grieke verkondig!

Bid jy vir die onbekeerdes in jou wêreld?

*Sing: Psalm 33:6 (1936)*

*Ds. PB (Bouie) de Klerk (Emeritus)*